**1 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 34**
**Fokusgedeelte: Psalm 34:2-4**

**Kom dank die Here saam met my!**

’n Wyse onderwyser onderrig mense uit eie ondervinding. Dawid doen dit in Psalms 3, 7, 18, 30, 34, 51, 52, 54, 56, 57, 59, 60, 63 en 142. Lees gerus elkeen se aanvangsvers. Die ondervinding waarna Dawid hier verwys, is sy noue ontkoming by koning Akis van Gat. Om te verstaan waarom sy danklied al die eienskappe van verligting en dank vir sy wonderbaarlike ontsnapping het, lees dit asseblief self in 1 Samuel 21:10 – 22:1. En dan roep vers 4, 5 jou en my op: *“Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys.”*

- Vers 6 – om te straal van blydskap: Onthou u nog die dag toe u die eksamen geslaag het?
- Vers 8 – die Engel van die Here rondom jou: Daardie botsing kon jou dood gekos het!
- Vers 10, 11 – om versorg te word: U het mos gewonder hoe om deur die maand te kom?
- Vers 12-15 – ’n gehoorsame lewenswyse: Dit het u nog elke keer gebaat, nie waar nie?
- Vers 22 – goddeloses grawe hulle eie graf: Dit blyk daagliks uit berigte oor hofuitsprake.

Onthou net: Geen goeie ding in jou lewe gebeur omdat jy moreel beter as ander is nie. Die melodie van Psalm 34 is *Gód se dade*. Dalk het Paulus aan ook Dawid gedink toe hy self op vernederende wyse van ’n heidense koning ontsnap het. In dié verband skryf hy: *“As daar dan geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede … aan Hom kom die lof toe tot in ewigheid!”* (2 Kor. 11:30-33).

*Sing: Psalm 34:1, 2 (1936, 2de melodie)* *Ds. J Botha (Emeritus, Laeveld)*